UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# Visuele Regstellingsbeleid

| | |
|---|---|
| **Tipe dokument:** | Beleid |
| **Doel van die beleid:** | Om visuele regstelling en die prosesse wat met die naamgewing of herbenoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite en persele aan die Universiteit Stellenbosch verband hou, te rig |
| **Goedgekeur deur:** | US Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 27/09/2021 |
| **Implementeringsdatum:** | 01/01/2022 |
| **Datum van volgende Hersiening:** | Elke vyf jaar, of soos nodig. |
| **Datum(s) van vorige Hersienings:** | Geen |
| **Eienaar[1]:** | Vise-Rektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel |
| **Kurator[2]** | Registrateur; Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie |
| **Sleutelwoorde:** | Visuele regstelling, Belanghebbendes, Transformasie, Dekolonisasie, Visuele verteenwoordiging |
| **Geldende Weergawe:** | Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling daarvan. |

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die grondwet.

## 1. Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (US) se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024* verwoord die posisionering van die Universiteit as ’n toonaangewende Suid-Afrikaanse navorsingsuniversiteit wat in Afrika gevestig is maar globale reikwydte het.[1] Die oogmerk van die Beleid oor Visuele Regstelling is om besondere uitdrukking aan *Visie 2040* te gee, met die fokus daarop om die US te posisioneer as ’n universiteit wat die instelling se visuele begronding uitdruk as deel van ’n voortgaande regstellingsproses met verwysing na die plaaslike en die globale konteks.

Sedert 2015 het studenteopstande onder die banier #Feesmustfall, om maar een te noem, die kollig gewerp op die noodsaak van verandering, in die besonder aan Suid-Afrikaanse instellings vir hoër onderwys en opleiding. Die aard van hierdie verandering behels vele fasette en, hoewel die studentebewegings die katalisator was wat die dringendheid verskerp het, is verandering in die hoër onderwys al sedert die aanbreek van demokrasie in 1994 op die sakelys – selfs vroeër, in die vorm van opstand teen apartheid.[2] Suid-Afrikaanse universiteite verdien dan ook erkenning vir die mate, hoewel wisselend, waarin kwetsende simbole op kampusse sedert die vroeë 1990’s heroorweeg en verwyder is.

Wat universiteitsbeleid in Suid-Afrika betref, het die noodsaak van verandering gefokus op sleutelwoorde soos ‘transformasie’ en ‘regstelling’, terwyl die studenteopstande ook terme soos ‘dekolonisasie’ onder die soeklig geplaas het. Die opstande en gepaardgaande diskoers oor dekolonisasie het die aandag gevestig op die behoefte aan kurrikulêre verandering (epistemologiese dekolonisasie) sowel as personeel- en studentediversiteit (transformasie deur middel van fisieke verteenwoordiging) aan Suid-Afrikaanse universiteite.

Die besondere fokus van hierdie beleid is *visuele regstelling* aan die US; dit wil sê, hoofsaaklik gemoeid met wat visueel waargeneem word in die ruimtelike uitleg, visuele ikonografie en sigbare simboliek binne die US-landskap. In hierdie verband erken die US dat visuele simbole verskillende emosies en ervarings by mense oproep, veral in ’n gediversifiseerde en histories verdeelde land soos Suid-Afrika.[3]

Die Beleid oor Visuele Regstelling rig visuele verandering pro-aktief op US-kampusse spesifiek deur nuwe kuns te installeer, histories sensitiewe kuns en ander simbole te verwyder of te kontekstualiseer, inligtingsborde op kampusse aan te bring, die naamgewing en herbenoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite en persele gevoelig te hanteer, ensovoorts. Dit sal die US versterk in die strewe na transformasie in en deur visuele regstelling.

Nietemin verg die bevordering van transformasie meer as beleidsbesluite; dit moet in praktiese projekte in hoëronderwyskontekste tot uiting kom. Aan die US sluit sulke projekte die onderneming

---

[1] US *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024*: http://www.sun.ac.za/afrikaans/about/Pages/Strategic-Documents.aspx?TermStoreId=d4aca01e-c7ae-4dc1-b7b2-54492a41081c&TermSetId=e2594d35-01e6-475a-9355-14d13be20b5d&TermId=5b45c78b-1f53-4676-b8de-457df7a28c29

[2] Raadpleeg B Schahmann se *Picturing Change: Curating visual culture at post-apartheid universities.* (2013; Johannesburg: Wits Universiteitsuitgewery) vir ’n oorsigtelike blik oor kunsprojekte aan ’n aantal Suid-Afrikaanse universiteite wat met visuele regstelling verband hou.

[3] Verwys na https://www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=3565.

van visuele regstelling binne kampusruimtes in. Hierdie ondernemings word gerig deur die US se Transformasieplan, wat ’n drievoudige grondslag het: plekke, mense en programme. Gevolglik word daar in die vooruitsig gestel dat die deurvoering van hierdie beleid regstreeks op die vernuwing van die US se institusionele kultuur, soos in die Transformasieplan uitgestip, sal inwerk.

Die oogmerk is dat die visie van die Beleid oor Visuele Regstelling en die deurvoering van die onderskeie projekte wat daaruit voortvloei, die grondslag van onderrig en leer aan die US sal vorm. Die beleid verleen stukrag aan intra- en interdissiplinêre gesprek oor ondernemings vir visuele regstelling op kampus wat die Universiteit se kurrikulêre sowel as kokurrikulêre aanbod betref. Gesprekvoering in onderrig- en leer-omgewings oor die beleid en die deurvoering daarvan is daarop gemik om kritiese bewustheid te skep van visueleregstellingsprojekte op kampus, wat as ’n voortgaande proses beoog word. Die beleid oor Visuele Regstelling is ook bedoel om navorsingsmoontlikhede en -uitsette aan die US te genereer in samewerking met ander universiteite, plaaslik sowel as internasionaal.

’n Belangrike aspek van visuele regstelling is inklusiewe gesprekvoering en prosesse wat konsensus bou op die onderskeie plekke op kampus. Hierdie prosesse beklemtoon die beraadslagende deelname en kollegialiteit wat dit verg om te verseker dat visuele regstelling tot ’n samebindende en inklusiewe kampuskultuur bydra. Prosesse word ook gevorm deur die artistieke, tegniese en regskundigheid wat sekere visuele kulturele aktiwiteite vereis.

Hierdie beleid verenig en formaliseer twee voortgaande prosesse aan die US: (1) die naamgewing of herbenoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite en persele, wat onder bestuursbeheer van die Komitee vir die Naamgewing van Geboue, Lokale en ander Fasiliteite en Persele (hierna “die Naamgewingskomitee”) staan, en (2) die werksaamhede van die huidige Komitee vir Visuele Regstelling. Daarbenewens veranker die beleid naamgewingsprosesse aan die US binne die raamwerk van visuele regstelling, waardeur die moontlikhede en die impak van die naamgewing of herbenoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite en persele op alle US-kampusse aangevul en verryk word. Daar word voorsien dat albei komitees aktief sal bly, maar met ’n doelbewuste en regstreekse vorm van wedersydse betrokkenheid, wat gedeelde lidmaatskap kan insluit.

Laastens moet hierdie beleid die eiesoortige aard van visuele regstelling aan ’n universiteit uitdruk. Gegewe die konteks van die dorp Stellenbosch is die grense tussen kampus en dorp nie altyd duidelik nie, en dít sal ’n uitwerking op visueleregstellingsprosesse hê. Die uitdrukking van visuele regstelling deur middel van kunswerke, simbole en name behoort egter in die eerste instansie die kenmerke te erken en te vier wat eie aan ’n universiteit is of daarmee verbind word. Gedagtig hieraan behoort visuele regstelling ook gesamentlike ondernemings tussen die US en die dorp Stellenbosch te stimuleer.

## 2. Deurvoering van die beleid

2.1 Die beleid, asook die reëls en regulasies wat daaruit mag voortkom, is by verstek van toepassing op alle personeellede (permanent sowel as tydelik) in die bestuurstruktuur van die Universiteit, in akademiese entiteite en in die professionele en steundiensomgewings; asook alle studente, lede van statutêre liggame aan die US en die lede van maatskappye en juridiese entiteite onder die Universiteit se beheer wat by die bestuursbeheer van beleids- en bestuursdokumente betrokke is.

2.2 Ander beleide en bestuursdokumente wat ná die goedkeuringsdatum van hierdie beleid ontwikkel word, moet aan die beleid voldoen.

2.3 Bestaande beleids- en bestuursdokumente moet aangepas word om aan die beleid te voldoen by wyse van ’n algemene en beplande hersieningsproses gedurende die eerste drie jaar nadat die beleid aanvaar is.

## 3. Doel van die beleid

3.1 Verskaf ’n stel algemene riglyne wat as breë raamwerk vir besluitneming oor visuele regstelling aan die US kan dien.

3.2 Verseker dat belanghebbendes betrek word by die byvoeging of verwydering van simbole, die naamgewing of herbenoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite en persele, veranderings aan ruimtes rondom geboue en ander ruimtes, en die oorweging van en/of opdraggewing vir toekomstige argitektoniese projekte.

3.3 Bekom kundige insette vanaf interne sowel as eksterne belanghebbendes.

3.4 Moedig kritiese gesprekvoering onder studente en personeel en, waar toepaslik, lede van die breër gemeenskap aan oor die maniere waarop visuele regstelling die waardes van inklusiwiteit, agting en waardigheid bevorder.

3.5 Stuur die werksaamhede van die Naamgewingskomitee en die Komitee vir Visuele Regstelling, wat die US-bestuurstrukture (die Rektoraat ingesluit) van raad sal bedien.

## 4. Oogmerke van die beleid

4.1 Bestuur en begelei alle visueleregstellingsprosesse aan die US, met inbegrip van prosesse wat deur die US Bestuur ingestel of deur bepaalde US-omgewings aangevoor word.

4.2 Veranker die naamgewing en herbenoeming van geboue en lokale binne die breër raamwerk van visuele regstelling, wat ’n omvattende, begeleide proses van naamgewing en herbenoeming aan die US sal moontlik maak.

4.3 Inkorporeer interne erfenisriglyne en -voorskrifte.

4.4 Verskaf leiding aan individue en omgewings (departemente, fakulteite, afdelings, sentrums en alle verantwoordelikheidsentrums) wat vir – byvoorbeeld – die instelling, ontwikkeling, goedkeuring, hantering en deurvoering van visueleregstellingsprosesse verantwoordelik is.

4.5 Moedig kritiese gesprek in die Universiteit se onderrig-en-leer-omgewings aan.

4.6 Rig die prosedures en werksaamhede van die Komitee vir Visuele Regstelling.

4.7 Verseker dat visuele regstelling (hoe dit deurgevoer word) deursigtig is en dat dit vir opkampus sowel as afkampus betrokkenheid voorsien.[4]

4.8 Verseker dat die beleid hersien en bygewerk word teen die teikendatum wat gedurende die goedkeuringsproses van die beleid en bestuursdokumente gestel word.

4.9 Toon die verband tussen die beleid en ander bestuursdokumente en verwante dokumente aan, en stel ’n meganisme in om moontlike teenstrydighede of onnodige oorvleueling tussen beleids- en bestuursdokumente uit te wys en uit te skakel.

4.10 Verseker beter koördinering en uitwysing of omskrywing van rolle en verantwoordelikhede rakende beleids- en bestuursdokumente.

[4] ‘Afkampus’ verwys na openbare skakeling ekstern aan die Universiteit, soos die kruispunt tussen die Stellenbosch-kampus en die dorp Stellenbosch.

**5. Grondbeginsels van die beleid**

5.1 Die beleid voer imperatiewe deur wat in die US se Transformasieplan gestel word, en is dus met daardie plan belyn.[5]

5.2 Visuele regstelling sluit prosesse in wat met die naamgewing van geboue, lokale en ander fasiliteite en persele verband hou.

5.3 Die beleid voorsien daarvoor dat die US op enige tydstip die name van enige van die Universiteit se geboue, lokale en ander fasiliteite en persele, simbole (standbeelde ingesluit), kennisgewingborde op kampusse en ander institusionele merkers kan heroorweeg.

5.4 Indien 'n voorstel gemaak word om 'n gebou na 'n spesifieke persoon te vernoem, word verseker dat daardie persoon se lewe nie strydig is met die kernwaardes van die US aansluit.

5.5 Die vernoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite en persele na maatskappye of kommersiële produkte word omsigtig hanteer om moontlike reputasieskade te vermy.

5.6 Visueleregstellings- en naamgewingsprosesse voldoen aan toepaslike wetlike raamwerke oor erfenisbronnebestuur.

5.7 Die beleid word deurgevoer volgens sinergistiese verhoudings binne die Universiteit se navorsings-, sosiale-impak- en onderrig-en-leer-imperatiewe. Visuele regstelling is dus met die US se strategiese prosesse en doelwitte belyn.

5.8 Enige visueleregstellingsproses (wat óf beraadslaging óf deurvoering insluit) geskied ooreenkomstig die US se waardes en met inagneming van die US se besondere historiese konteks.

5.9 Daar word voor oë gehou dat visueleregstellingsprosesse die impak en benutting van verskeie US-fasiliteite (fasades en ingangsportale van geboue, openbare en gemeenskaplike ruimtes, ens.) sal beïnvloed.

5.10 Volhoubaarheid word aan die hand van argitektoniese erfenis, landskapontwerp, artistieke waarde en omgewing beoordeel.

5.11 Daar word gelet op die bekostigbaarheid en skaleerbaarheid van projekte en inisiatiewe vir visuele regstelling.

5.12 Visueleregstellingsprosesse posisioneer die US stewig as 'n universiteit van wêreldgehalte in en vir Afrika. Die US word dus binne die konteks van die Wes-Kaap, Suid-Afrika en die Afrikavasteland veranker. Die dorp Stellenbosch[6] is 'n besondere faset van die US se konteks. Die verhouding tussen die US en die konteks (plek) kom tot uiting in kunswerke, simbole (standbeelde ingesluit), argitektoniese style, die verering van individue, gemeenskapsgebaseerde konsultasieprosesse met die oog daarop om wonde uit die verlede te heel, ensovoorts.

5.13 Visuele regstelling word gekenmerk deur beraadslagende deelname en gesprekgedrewe konsultasieprosesse wat konsensus bou om 'n samebindende, inklusiewe en agsame kampusomgewing te verseker.

---

[5] Dit posisioneer die beleid binne die sfeer van sistemiese transformasie aan die US, wat beteken dat transformasie-inisiatiewe nie tot die beleid beperk is nie; inteendeel, die beleid bevorder sodanige inisiatiewe.

[6] Dieselfde geld die besondere geskiedenisse en kontekste van dorpe waar die US kampusse het – Tygerberg, Bellville, Saldanha en Worcester.

5.14 Hoewel ’n formele proses van openbare deelname nie vereis word vir alle prosesse wat met die naamgewing of herbenoeming van geboue en visueleregstellingsprojekte verband hou nie, word die loodsing van prosesse vir openbare deelname verseker.

5.15 Die akademiese kundigheid aan die US en aan ander instellings word benut vir naamgewing of herbenoeming en visueleregstellingsprosesse.

5.16 Visuele regstelling aan die US dien die akademiese projek en is dus by kurrikulêre aktiwiteite ingeweef. Navorsingsmoontlikhede oor onderwerpe wat met visuele regstelling verband hou, word ook ondersoek met die oog daarop om navorsing by visuele regstelling in te weef.

5.17 Visueleregstellingsprosesse gee besondere uitdrukking aan die US se Taalbeleid en die taaldiversiteit van Suid-Afrika.

5.18 Naamgewing en herbenoeming het ’n tweevoudige werking:

5.18.1 die oorweging van veranderings ter wille van visuele regstelling, naamgewing of herbenoeming en verwante geleenthede en versoeke; en

5.18.2 die aanvoering van veranderings en geleenthede ter wille van visuele regstelling en naamgewing of herbenoeming in alle US-omgewings.

5.19 Volledige prosedures vir naamgewing sowel as visuele regstelling word ontwikkel, belyn en deur die Rektoraat goedgekeur met die oog daarop om die beleid deur te voer.

5.20 Elke versoek of voorstel vir visuele regstelling word op meriete beoordeel, wat ’n skenking (ook finansiële bydraes) of die vervulling van ’n besondere voorafbepaalde behoefte insluit. Besluite word deur die grondbeginsels van die beleid gerig en is met die US se waardes belyn.

5.21 Die afhandelingsbevoegdheid vir visueleregstellings- en naamgewingsprosesse is aan die Rektoraat gedelegeer.

## 6. Geskilbeslegting

Geskille binne die bestek van hierdie beleid moet volgens die gewone lynbestuurskanale binne bestaande US-strukture besleg word.

## 7. Oogmerke van die beleid

### 7.1 Rolle

Die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel is die eienaar van die beleid. Die Registrateur en die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie is die institusionele funksionarisse (kurators) daarvan.

Die US Komitee vir Visuele Regstelling, in samewerking met die Naamgewingskomitee, moet leiding neem met die deurvoering van die beleid en daaroor toesig hou. Die beleid ondersteun die rolle en funksies van drie omgewings: Sosiale Impak en Transformasie, die Registrateursafdeling en Fasiliteitsbestuur.

### 7.2 Deurvoering en monitering

Die eienaar sowel as die kurators van die beleid is daarvoor verantwoordelik om die nodige beheermaatreëls in te stel ten einde die deurvoering daarvan te moniteer. In hierdie verband is die Registrateur die primêre funksionaris rakende die deurvoering van naamgewing of herbenoeming aan

die US. Die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie is die primêre funksionaris rakende die deurvoering van visuele regstelling.

Die beleid geld vir alle Universiteitsomgewings, met inbegrip van fakulteite en professionele en administratiewe steundienste.

Alle ander US-beleide moet saamgelees word met hierdie beleid, wat in werking tree sodra die Raad dit goedgekeur het.

**8. Verslagdoening**

Daar moet jaarliks aan die onderstaande entiteite oor die impak van die beleid en, gevolglik, die visueleregstellingsproses verslag gedoen word:

- die Rektoraat,
- die Komitee vir Institusionele Transformasie,
- die Institusionele Forum,
- die Senaat (via die jaarverslag vanaf die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel), en
- die Raad (via die jaarverslag vanaf die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel).

**9. Vrystelling**

Die beleid is ’n openbare dokument, wat op die US se webtuiste gepubliseer word. Die US Raad het die beleid goedgekeur nadat die Senaat en die Institusionele Forum gelyklopend geraadpleeg is.

**10. Hersiening**

Die beleid moet minstens al om die vyf jaar hersien en, indien nodig, bygewerk word. Uit die aard van die beleid en die beoogde impak daarvan moet die oorsig- en hersieningsproses, wanneer dit uitgevoer word, ’n breë spektrum dek.

**11. Optrede in geval van nienakoming**

Nienakoming van die beleid word hanteer volgens die Universiteitsbeleide wat na gelang van die aard van die nienakoming toepaslik is. Die normale lynbestuurspraktyke geld.

**12. Kernbegrippe**

Vir die doeleindes van hierdie beleid word die onderstaande kernbegrippe soos volg omskryf:

**Regstelling**
Om sake reg te stel (te herstel), om te vergoed vir iets (iets in die plek daarvan te gee), om die oorsaak van klagtes of aanklagte te verwyder en om skadevergoeding vir iets te eis (terugbetaling). – *Merriam-Webster Dictionary* [eie vertaling]

**Visuele regstelling aan die US**

’n Poging om die wandade van voormalige en huidige magshebbers reg te stel deur kwetsende simbole (bv. van apartheid), sosiale onreg en ontkenning te verwyder; en deur die skade wat deur hierdie visuele simbole aangerig is, te herstel deur te vergoed met nuwe visuele simbole vir die insluiting van ’n verskeidenheid uitdrukkingswyses, stories, identiteite en geskiedenisse wat met die prosesse van herstel en heling aan die US belyn is.

**Transformasie aan die US**

’n Doelbewuste en gestruktureerde proses van diepgaande verandering in die plekke, mense en programme van die Universiteit deur middel van doelbewuste prosesse, praktyke, planne en beleid (verwys na die US Transformasieplan [2016]).

**Sistemiese transformasie aan die US**

Transformasie en ’n vernuwingsproses wat alle dimensies van die universiteitslewe betrek, sodat daardie dimensies tot die transformasie van die samelewing bydra. Gevolglik behels sodanige proses nie net transformasie ván die Universiteit nie, maar ook transformasie déúr die Universiteit (verwys na die US Transformasieplan [2016]).

**Diversiteit**

Kunsvorme, simbole, argitektuur en ander uitdrukkingswyses wat doelbewus iets van die ryk historiese en kulturele erfenis van Stellenbosch, die Wes-Kaap, Suid-Afrika en Afrika kommunikeer (verwys na die Taakspan vir Visuele Regstelling [2018]).

**Dekolonisasie aan die US**

Die dekolonisasie van die samelewing en die Universiteit verg dat mense nuut georiënteer word, vanuit ’n ander perspektief as ‘koloniale onderskeid’, en dat kennis nuut georiënteer word om Afrika as die sentrale bepaler van relevansie vir kennisproduksie vanuit Afrika te stel. Dit sluit in dat sosio-ekonomiese ongeregtighede wat die regstreekse gevolg van volgehoue kolonialiteit is, erken en herstel word. Langs hierdie weg wil dekolonialiteit die Eurosentriese hegemonie van mag, menswees en kennis uitdaag (verwys na die aanbevelings deur die Taakspan vir die Dekolonisasie van die Kurrikulum aan die Universiteit Stellenbosch [31 Julie 2017]).

**Dekolonisasie van ruimtes**

’n Regstellende maatreël wat ander benaderings as die gewone volg om ’n omgewing van insluiting te kweek “waar mense mekaar ontmoet, gesels en idees uitruil, en waar identiteite en lewenswyses vorm aanneem” (Bianchini, 1999:49; eie vertaling) sodat diverse kulture kan ontwikkel en floreer. Die ruimtes wat gedekoloniseer moet word, sluit die kuberruim, simbole, kantore, geboue, argitektuur, artefakte, foto’s en standbeelde in; dit word verrig deur gemeenskaplike prosesse van gesprekvoering en produksie.

**13. Ondersteunende dokumente**

| Itemnommer | Dokumentnaam | **Status**<br>(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur) |
|---|---|---|
| | Aanbevelings deur die Taakspan vir die Dekolonisasie van die Kurrikulum aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur |
| | Beleid oor die Naamgewing van Geboue, Lokale en Ander Fasiliteite en Persele (sal deur die Beleid oor Visuele Regstelling vervang word) | Goedgekeur |
| | Transformasieplan | Goedgekeur |
| | Beleid oor Universele Toegang | Goedgekeur |
| | US Meesterplan | Goedgekeur |
| | Interne Erfenisriglyne | In die proses |
| | US Statuut | Goedgekeur |